Verwysing: 20160511-236
14/3/2
Navrae: M Combrink

Eksamenadministrasieminuut: 0003/2016

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-koördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike eksamensentrums

Onderwerp: Gereedheid vir die afneem van die 2016 NSS-eksamen

1. Openbare en onafhanklike eksamensentrums is onderworpe aan periodieke evaluering, wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) onderneem moet word, sodat die WKOD se gereedheid om die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (NSS-eksamen) af te neem vasgestel kan word.

2. Amptenare van die WKOD sal skole kontak om 'n datum en tyd vir 'n besoek te reël. Die besoeke sal tot 45 minute beperk word.

3. Besoeke sal vanaf Julie 2016 tot September 2016 gehou word.

4. Prinsipale word vriendelik versoek om met die amptenare saam te werk sodat die besoeke kort, maar betekenisvol kan wees.

5. 'n Afskrif van die instrument wat vir die evaluering van die eksamensentrums gebruik sal word, is hierby aangeheg.

GETEKEN: BK SCHREUDER
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2016-06-23